SPLINTERNUUT VIR DIE SOMER

Chata Romano, bekende voorkomskonsultant, wys hoe jy met die regte haarstyl en 'n bietjie inisiatief 'n blinknuwe partytjievoorkoms kan skep

Van ek kan onthou, was my hare lank. Ek is lus om dit te sny, maar is 'n bietjie bang. Enige raad?

Hulle sê nie verniet 'n verandering is so goed soos 'n vakansie nie. Maar 'n drastiese nuwe voorkoms kan soms intimiderend wees. Ek beveel altyd aan dat jy nie van die een uiterste na die ander gaan nie. Lang hare moenie heeltemal kort gesny word nie. Begin deur eers so tien sentimeter af te sny, dan 'n bietjie meer en nog 'n bietjie meer totdat jy gemaklik voel met die eindresultaat. Onthou, langer hare is veelsydiger - veral nou met die al die partytjies wat voorlê. Jy kan jou voorkoms verander deur selfs net 'n blink knippie in te sit.

Chata Romano, die bekende voorkomskonsultant, wys hoe jy met 'n bietjie raad in 'n sierlike swaan kan verander. Vir meer inligting en navrae oor Chata Romano International, besoek die webwerf by www.chataromano.com

Stuur jou modevrae aan Chata Romano by chata@chataromano.com

Dieselfde model, dieselfde rok en twee heeltemal verskillende voorkomste! As jou gunstelingstyl prettig en informeel is, dra jou hare losweg vasgemaak soos op die foto bo. Hou jy meer van 'n elegante voorkoms, maak jou hare in 'n stylvolle poniestert vas. Maar die geheim vir dié sensasionale somer is: hare vasgemaak bo-op die kop!